# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2024

**Viering** van ons geloof en mekaar se lewensmomente

**2024.19**

Matteus 22:39;  Psalm 145:8-9; Lukas 6:35-36; Eksodus 2:25; 1 Johannes 3:16-17

**Ons vier die voorreg om te kan omgee**

Die Here se oë kyk anders as ons oë. Hy kyk ook na ons deur ‘n lens van liefde. As Hy dus na Sy kinders kyk, sien (dink) Hy net een ding: “Vir hierdie mense is ek lief”. Hy het elkeen van ons lief ten spyte van ons foute.

Omgee vir of diens aan ander mense is die vervulling van die tweede liefdesgebod – om jou naaste lief te hê soos jouself (Matt 22:39). Jesus se hele bediening was ’n bediening van omgee (Luk 4:14-44; vgl Jes 58; 61). Hy het die behoeftiges en noodlydendes gehelp. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan is die meesterverhaal wat vir ons wys hoe belangrik omgee is (net so belangrik soos gasvryheid). Omgee is immers in wese ’n prentjie van wie God as die barmhartige God is (Ps 145:8-9). Wanneer ons vir ander omgee, seën God die aarde; Hy gebruik ons om vir ander tot seën te wees, volgens sy belofte aan Abraham (Gen 12). Jesus verwag ook van ons om vir ander mense om te gee. Hy het gesê: “*Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is*” (Luk 6:36).

Omgee  vloei voort uit liefde vir mekaar. God wil deur ons sy liefde met mense deel. Hy wil hê dat ons, soos Hy, die noodkreet van die wêreld hoor. Waar is die noodkreet in die konteks waar jy lewe? Is dit ook belangrik om doelbewus na die nood uit te reik, wat buite jou normale daaglikse konteks van lewe lê? Lees Eksodus 2:25 oor God se omgeehart en praat saam oor wat ons ter harte behoort te neem. God gee nooit op met sy omgee en redding van mense nie. Daarom roep en stuur Hy Moses na hulle toe. God roep en stuur ons ook na die in nood. God het ook sy Seun na ons gestuur in ons grootste nood! Die lewe gaan nie oor jouself nie, maar oor jou liefde vir God, en oor liefde, en omgee, en sorg vir mekaar - juis met die liefde van God. Hoekom is dit vir ons so moeilik om hierdie kern van die evangelie uit te leef?

Omgee vra van ons om oë en ’n hart vir ons naaste te hê, en dan hande en voete aan ons gevoel van barmhartigheid en omgee te gee: “*Wie aardse besittings het en sy broer [of suster] sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom [of haar] het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees?*” (1 Joh 3:17). Omgee is ’n lewe van diens, ’n lewe van omgee, ’n lewe waarin ander mense se belange vir jou net so swaar weeg soos jou eie, ’n lewe waarin jy jou hulpbronne, tyd, invloed en vaardighede gebruik om vir ander te sorg, of dit nou is om hulle te beskerm, te versorg, te koester of vir hulle regte op te kom.

- Opsionele tekesgedeelte: Lukas 4:14-44
- https://www.christelikemedia.org/article/vrug-van-die-gees-goedheid
- https://nhka.org/die-stil-weg-van-barmhartigheid/

Dink bietjie:

- Met wie is jy maklik vriendelik, en met wie is dit moeilik?
- Dink jy regtig alle mense is gelyk voor God?
- Sal jy tyd saam met iemand spandeer wat haweloos is? (op die sypaadjie saam met hom/haar sit en na hulle storie luister?)

*Vir die groepgesprek:*

1. Hoe lekker is dit om in kleingroepe vir mekaar te kan omgee?
2. Waarom klassifiseer mense mekaar so maklik? Is dit wat Jesus gedoen het?
3. Hoe dink julle kan ons dit regkry om vir alle mense om te gee en veral om hulle '*lief te hê*'?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Jesus herinner ons in Matteus 22:39 dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself – wat dink julle beteken dit vir: jouself? en ander?
2. Hoe dink julle oor Psalm 145:8-9 oor die Here se goedheid? Hoe deel ons dit met mekaar?
3. Om jou vyand lief te hê (Lukas 6:35-36), klink menslik onmoontlik. Moet ons dan net sulke verse lees en by verbyblaai, of hoe moet ons dit verstaan?
4. Soms sê ons: "ek kan net vir jou bid"; Kyk hoe belangrik is dit volgens Eksodus 2:25.
5. Lees 1 Johannes 3:16-17. As ware liefde 'n daad is, hoe lê mens jou lewe vir iemand anders af?
6. Wat is ons motivering om met ander oë na die mense om ons te kyk (1 Johannes 3:16-17)?

- *Dink aan mense wat in nood is, soos weduwees, weeskinders of minderbevoorregtes.* Dink biddend vir wie jy iets prakties kan doen deur jou invloed te gebruik of deur 'n uitstappie te reël, met inkopies te help of regshulp of maatskaplike hulp te verleen. Gaan doen dit dan.
- *Vra vir iemand: "Wat kan ek vandag vir jou doen?"* Dit kan iemand in jou familie of in jou vriende- of werkkring wees. Dit kan iets klein of groot wees. Dit kan iets moeilik of maklik wees. Maar gaan doen dit!
- *Maak 'n ekstra bord kos en bêre dit in die vrieskas vir iemand wat dit dalk kan nodig kry.* Die groeplede dien dan die gemeenskap deur hierdie borde kos aan die behoeftiges uit te deel. 'n Mooi plakker op die yskas sal jou help om van die kos te onthou. Gaan doen dit gerus.